# JEUGLES: Vrugte van die Gees - Geduld, Vriendelikheid en Goedhartigheid

## 1. Praise and Worship

## 2. Inleiding:

Ons gaan vanaand aan met ons Eksamenlesse oor die vrugte van die Gees. Vanaand gaan ons vinnig kyk na die vrugte: Geduld, Vriendelikheid en Goedhartigheid.Ons gaan net vinnig daarna kyk en dan by elkeen ‘n speletjie speel sodat julle dit beter kan verstaan.

## 3. Geduld:

***<u>Wat is geduld:</u>***

Geduld is om te wag vir die regte tyd – sonder om te kla. Die regte tyd is God se tyd. Dis die vermoë om aan te hou en uit te hou – selfs onder moeilike omstandighede – met ‘n positiewe verwagting dat dinge gaan uitwerk en beter word.

***<u>Speletjie:</u>***

Elke groep kry twee bakkies. Die een is leeg, en die ander een het sout in. Elke groeplid kry ‘n strooitjie. Die leë bakkie is aan die een kant van die vertrek, en die bakkie met sout aan die ander kant. Die speletjie werk soos ‘n aflos, die groeplede hardloop een een, suig sout op met die strooitjie en sit dit in die leë bakkie.

***<u>Process:</u>***

Vir hierdie speletjie het jy geduld nodig gehad, want dit was nie ‘n maklike speletjie nie, en die sout is ook nie lekker nie en beland partykeer in jou mond, maar jy moes aanhou en kon nie halfpad opgee nie.

## 4. Vriendelikheid:

***<u>Wat is vriendelikheid / Gaaf / Kindness</u>***

Vriendelikheid is meer as net ‘n glimlag. Die Engelse woord is ‘kindness’, en ‘n ander Afrikaanse woord is gaaf. Vriendelikheid is om mense goed te behandel, sonder dat jy iets daaruit kry of iets terug te verwag, maak nie saak wat hulle gedoen het nie. Vriendelikheid vat ‘nice’ wees ‘n stappie verder. Dis om ander mense se behoeftes in ag te neem, en partykeer voor jou eie te stel. Dis om ander mense te behandel soos JY behandel wil word!

Ek wil hê julle moet gou oor vriendelikheid gesels en aan een voorbeeld by die huis en een voorbeeld by die skool dink hoe jy dit aan iemand kan wys.

***<u>Illustrasie:</u>***

Wanneer ‘n groep ‘n voorbeeld noem gooi ek ‘n druppeltjie koekkleursel in ‘n deurskynende bak.

***Process:***

Vriendelikheid / gaaf / kindness verander hoe die wêreld om ons lyk, by die skool, huis of tussen jou vriende. Waar dit eers kleurloos en 'vaal' was, is dit nou vol kleur en mooi. En DIS wat hierdie vrug doen, dit maak die lewe mooi vir die mense om jou, want jy wys iets van JESUS vir hulle daardeur.

## 5. Goedhartigheid: Video clip (https://youtu.be/7uPl1Pee150)

***Wat is Goedhartigheid:***

Goedhartigheid is goed te wees teenoor en vir die mense rondom jou. Dis om iemand te help wanneer hulle sukkel, sonder dat jy iets daaruit kry. Bv. help iemand oor die straat, deel jou broodjie met iemand wat nie het nie ens.

***Speletjie:***

Kinders verdeel in pare. Die een word geblinddoek, en die ander een 'lei' die een wat geblinddoek is. Gee so 5 minute en process dan die speletjie.

***Process:***

Partykeer sien ons hoe iemand sukkel, 'n tannie of oom dra swaar aan pakkies, of sukkel om oor 'n besig straat te stap. Goedhartigheid beteken dat ek NIKS kry deur hulle te help nie, maar dat ek Jesus se liefde en die vrugte van die Gees vir hulle wys.

## 6. Sluit af met gebed en deel selfone uit.